Heidekoppie
Die Gemeente met Oop Deure

H/v Protea- en
Stasieweg
Proteahoogte
7560 Brackenfell

16 November 2015

VERKLARING AANGAANDE SELFDEGESLAGVERHOUDINGE

Die besluite van die Algemene Sinode is in Die Gemeente met Oop Deure met ontsteltenis en vreugde as uiterstes ontvang. Besorgdheid oor die gebruik van die Skrif het sommige letterlik in skok en wantroue gelaat terwyl ander weer die menswaardigheid van alle mense en die liefdesgebod beklemtoon.

Die Bestuursraad het by 2 vergaderinge indringend na mekaar geluister. Skrywes vanuit die gemeente is hanteer, en inligting vanuit Streekskonferensies is aangehoor en verreken.

Met die lig tot ons beskikking, reik die Bestuursraad die volgende verklaring uit, wetende dat ons nog lank nie klaar gepraat en besin het oor selfdegeslagverhoudinge nie. Ons wil steeds na mekaar luister en vanuit ons *Identiteit* (Die Gemeente met Oop Deure is `n missionêre geloofsgemeenskap in Brackenfell), *Waardes* en *Strategie* (sien hieronder) kerk van God in Brackenfell wees.

VERKLARING:

1. Die Bestuursraad bevestig ons gehoorsaamheid aan God en Sy Woord en wil die Woord in geheel en verantwoordelik binne literêre en historiese konteks verstaan en vir vandag uitlê. (Waarde 1: Ons onderwerp ons aan God-Drie-enig, en ons laat ons lewe lei deur Sy Woord en Gees.) Ons erken die feit dat lidmate hieroor kan verskil.

As Bestuursraad erken ons dat ons tans nie oor die nodige kennis beskik om finale besluite te neem nie. In biddende afhanklikheid (Waarde 6: Ons doen alles biddend – met smeking en danksegging.) het ons wel die volgende besluite geneem (weer eens gerugsteun deur ons Identiteit en Waardes):

2. Die Bestuursraad distansieer hom van die Algemene Sinode 2015 se besluit oor Selfdegeslagverhoudinge en skaar hom by die besluite van die Algemene Sinode van 2013 en 2007 (vgl. gedeeltelike aanhaling).

"1.5.1 Die Algemene Sinode van 2013 herbevestig die volgende besluit van 2007: 'Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar.'" (Waarde 2: Ons lewe as `n oop geloofsfamilie waarin ons omgee vir mekaar en vir die wêreld.)

H/v Protea- en
Stasieweg
Proteahoogte
7560 Brackenfell

3. Die Bestuursraad bevestig dat die huwelik `n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou is. Verder is gesonde en gelukkige gesinne/families vir ons belangrik en vind dit tans uitdrukking in die volgende bedieninge:
Huise-op-die-Rots-bediening (ouerbegeleiding), huweliksverrykingskursus, huwelikshertoewyding, egskeidingsbegeleiding, familiekampe, omgeegroepe, Bybelstudies, jeugkampe, Kinderkerke en Space. Ons voorsien dat, na gelang van behoefte, dit verder uitgebou sal word.

4. Die Bestuursraad bevestig dat ons op grond van die liefdesgebod (Mat 22:34) en vanuit ons Identiteit – Die Gemeente met Oop Deure – steeds mense van alle seksuele oriëntasies, taal-en bevolkingsgroepe, in ons gemeente verwelkom. (Waarde 2: Ons lewe as `n oop geloofsfamilie waarin ons omgee vir mekaar en vir die wêreld. Strategie 1 & 2: Ons maak kontak met mense oor alle grense. Ons kom bymekaar en bou verhoudings.)

5. Die Bestuursraad neem kennis dat die leraars nie tans kans sien om burgerlike verbintenisse tussen dieselfde geslag mense te voltrek nie en ondersteun hulle daarin.

6. Die Bestuursraad sien ook nie ons weg oop om tans `n leraar en ampsdraers (ouderlinge en diakens) wat in selfdegeslagverhoudinge is, te beroep en te bevestig nie.

Die Bestuursraad nooi lidmate uit om met die leraars en leiers te gesels.

Ons bede is regtig dat ons, vanuit ons *Identiteit, Waardes en Strategie*, bymekaar sal bly, na mekaar sal luister - al verskil ons van mekaar – en as geloofsfamilie ons eenheid in Christus sal omarm en bely.

Heidekoppie Bestuursraad